

21 Julie

Skrifgedeelte: Hosea 14:2-10; Psalm 133

Fokusgedeelte: Hosea 14:6a

Die dou van God se genade en liefde is noodsaaklik in ons lewens

God se genade en liefde oor 'n ontroue volk is so groot en ryk! Dit word met 'n pragtige beeld uit die natuur geteken. “Hy sal wees soos die dou.” Vir ons is dou nie belangrik nie. Ons sou net sowel daarsonder kon klaarkom. Maar nie vir die mense van Palestina nie. In die droë somermaande is dou die enigste bron van vog vir somergewasse. Dit moes ook die weiding van die diere in stand hou. En dan moet ons nie dink dat dit daar maar effens dou soos hier by ons nie. Die seewinde bring baie vog in oor die land en deur sterk afkoeling in die nag, kondenseer die waterdamp en vorm dit baie dou – tot soveel as 20-40 mm per maand. Dou is lewensnoodsaaklik vir die bestaan van mens en dier in Palestina.

Die dou is dan ook met God se seën in verband gebring. Moses seën vir Josef: “Mag sy land deur die Here geseën word: met die beste uit die hemel, met dou ...” (Deut 33:13). Nou verstaan ons die Here se liefdesverklaring soveel beter. Hy is soos die dou. Dit beteken: sonder Hom kan Israel nie lewe nie, hulle is van Hom afhanklik. Die dou – dit is verkwikkend, verfrissend na 'n warm dag. Die son wat neerbrand en die reën wat wegbly kan beeld wees van die swaarkry van die gelowige. Maar die dou is ook altyd daar. Dit troos en laaf en gee weer nuwe krag en moed.

Die dou kom uit die hemel, van God af! God se genade het vanuit die hemel besonderlik in Christus na ons toe soos dou afgedaal. God bring sy seën tot by ons deur Jesus Christus. Hy dra die vloek van ons sondes, sodat ons God se seën kan ervaar. Hy bring lafenis aan 'n moedeloze mensdom. Hy verkwik ons siel. En Hy troos. Die Heilige Gees daal soos dou op die kerk neer om altyd by ons te bly. Hy is die lewegewende krag wat voortdurend in ons werk. Hy leer en lei ons. Hy help ons om in eensgesindheid en liefde met mekaar saam te lewe. Sonder die dou van die Here kan ons nie lewe nie!

Sing: Psalm 133:1, 2 (1936)

Ds AL Pelser (Bethlehem)